



Kraggakamma Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd (23-26 November 2020)

Personalialia

Was jy al op 'n verjaarsdagpartydjie waar jy nie geweet het wie die persoon is wat verjaar nie? Hoe het jy daar beland?

Gebed, Lof en Aanbidding

Gee vir elkeen tyd om te sê hoe dit met hom/haar gaan. Waarvoor dank julle die Here?
Bid vir mekaar.

Gespreksvrae:

SKRIFLESING: Matt 2:9-12; Luk 2:11-20

TEMA: Wie verjaar?

1. 56% van volwassenes in Suid-Afrika beplan om minder as verlede jaar op Kersfees te spandeer. 'n Bekende ekonoom sê dat dit ons aakligste Kersfees ooit gaan wees. Daar is niks geld nie en daar is niks wat ons daaraan kan doen nie. Stem jy saam hiermee?
2. Dink julle ons prioriteite oor Kerstyd is reg?
3. Wat leer ons by die heidense sterrekykers oor 'n Christusgefokuste lewe?
4. Wie was die skaapwagters en wat leer ons by hulle oor 'n Christusgefokuste lewe?
5. Wat leer ons uit Maria se antwoord aan die engel Gabriël in Luk 1:38?
6. Iemand het gesê: "Al is Christus 'n duisend maal in Betlehemgebore, maar nie in jou hart nie, dan is Kersfees vir jou 'n nuttelose gebeurtenis." Gesels hieroor.
7. Hoe lyk 'n Kersfees waar ons fokus op die een wie se verjaarsdag ons vier?

Uitsending

Wat gaan jy/julle doen dat Kersfees regtig 'n Christusfees is?

Gebed

Van 25-29 November is daar 5 dae van rou oor die pandemie, in solidariteit met hulle wat swaarkry, in ons land afgekondig. Kom ons, veral hier in die Oos-Kaap wat 'n brandpunt is, neem deel hieraan. Gebed is nie iets wat ons doen nie, dit is die eerste ding wat ons doen.

Bid vir almal wat siek is en vir families waar mense oorlede is. Dra spesifiek ons gesondheidswerkers aan die Here op. Dra die Here se boodskap van troos, hoop en lewe uit. En bly veilig!

Info blad

Alle belangrike inligting verskyn op die Kommunikamma wat uitgestuur is op Watsapp. Die Kommunikamma verskyn ook op die gemeente se webblad.

Onthou asb:

- Voedselhulp aan PE-Noord
- Kraggakamma Eat-a-lot. Sondag, 29 November, eet ons potjiekos en poeding. Bestel op ons aanlynwinkel of by Niekie (082 561 8747)
- Behoeftes by Huis 8 MTR Smit Kinderoord.
Stoof (die huidige stoof se plate werk, maar die oond is onherstelbaar)
Wasmasjien
Mop

Indien jy kan help of 'n bydrae wil lewer, kontak asb. vir Debah van Eeden (082 933 2443) of die kerkkantoor.

Iets om solank aan te dink vir volgende week

Wat dink jy staan op die Here se kersfees wenslys?